KouPos 2.2025

LUKAS 24: 25-27 “Toe sê Hy vir hulle: ‘O, julle wat so sonder begrip is, met harte wat traag is om alles te glo wat die profete gesê het! Moes die Christus nie hierdie dinge ly en in sy heerlikheid ingaan nie?” Hierna het Hy begin om al die Skrifte oor Hom, vanaf Moses en die Profete, vir hulle uit te lê.”

ROMEINE 3: 21-26 “Maar nou word die geregtigheid van God, waarvan die Wet en die Profete getuig, sonder die wet bekend gemaak. Hierdie geregtigheid gee God deur die geloof in Jesus Christus aan almal wat glo. Want daar is geen onderskeid nie: Almal het trouens gesondig, en die eer aan God ontbreek by hulle; en tog word hulle goedgunstig op grond van sy genade vrygespreek deur die bevryding in Christus Jesus.

God het Hom, deur sy bloed, daargestel as versoeningsoffer wat deur die geloof verkry word, as bewys van sy geregtigheid; want so het Hy in sy verdraagsaamheid die sondes wat voorheen gedoen is, oorgesien. Hy het sy geregtigheid in die huidige tyd bewys om so regverdig te wees en dié wat in Jesus glo, regverdig te verklaar.”

EFESIëRS 2: 8 – 10 “Want uit genade is julle verlos, deur geloof. En juis dit kom nie uit julle self nie; dit is die gawe van God. Dit kom nie uit goeie werke nie, sodat niemand op iets mag roem nie. Ons is immers sy maaksel, geskep in Christus Jesus om goeie werke wat God voorberei het, te doen, en daarvolgens te leef.”

†

INHOUDSOPGAWE (Uitgawe 131).

Uit ons pastorie	p.	4
Uit KAAPKERK	p.	4
Plaaslessenaar	p.	6
Lief & Leed	p.	8
Vingers wat woorde taal	p.	11
Fotostories	p.	14
Dankfees 2025 – ‘n Refleksie	p.	25
Inkleurprent	p.	39
Geopende Deure / Open Doors	p.	40
Kontakbesonderhede	p.	40

Ons **Vrouediensprojekte** is op dreef. In Februarie kon ons vier "omgeepakkies" uitdeel en in Maart vier en twintig pakkies. Baie dankie vir elkeen se bydrae.

Die Omgeespens-projek word in Junie voortgesit terwyl die kombersprojek vir Geopende Deure steeds aangaan tot in Oktober. (*Daar is tans 16 kombersies vir die projek, by Christel)*
Mag ons doen wat ons hand vind om te doen.
Groete,
Ebeth

“Soos die son kleur aan die blomme gee, so gee kuns kleur aan die lewe.”
~ JOHN LUBBOCK

UIT ONS PASTORIE

“Soos ek hier sit en skryf geniet ons die opwindendste tyd in die kerklike jaar. Kersfees was heerlik nostalgies soos altyd en ‘n besondere afskop van ons kerkjaar. Goeie Vrydag en Paassondag is die hoogtepunt van die jaar. En dan kom Pinkster! God is op ‘n besondere manier nooit weer nié by ons nie. Skielik is die idee dat ons liggame die tempel van God is net dit: Hy leef in en deur ons deur sy Gees. As die aardse tentwoning afgeslaan word is ons gees op ‘n nuwe manier vir altyd by die Gees!

Maar intussen leef ons in Merweville en omgewing en wyer en verder… Die afgelope Dankfees was vir my en Esterina ‘n heerlike ervaring. Dit was verstommend om te sien hoe ‘n groep “professionals” net inspring en daar loop als seepglad. Die lojaliteit van oud-Merwevillers en Merweville vriende was wonderlik om te sien. Die groep groei ook jaarliks soos eerstemalers beloof om terug te keer.

Die dik truie en baadjies raak opgediep en sal seker eersdaags die eerste keuse kleredrag wees. Om die warmte van Merweville, wat nie van die son af kom nie, te beleef is ‘n eer en voorreg.

Geniet die koue winter met sy dooie muskiete!

Danie.”

“En so het my eerste Dankfees verbygesnel, en wat ‘n aangename, onvergeetlike ervaring was dit nie.

Vanaf die eerste kennismaking met die mense wat die pasteie gemaak het, het ek so baie geleer en ervaar. Die vleiswerk was net anders, ek het geleer wat die verskil tussen ‘n clubsteak, T-been steak, ‘n rumpsteak en sirloin is, dat vleis netjies afgeskraap word en verpak word en hoe kaaswors gevou en gerook word. Die mense wat in en om die saal gewerk het, het elkeen ‘n taak gehad wat met deeglikheid, entoesiasme en volharding uitgevoer is en die eindproduk was iets om

oor trots te kon wees. Die samesang en skriflesing soggens, die saameet, saamkuier, saamwerk, het alles gespreek van toegewydheid, omgee vir mekaar en liefde vir ons Hemelse Vader en mekaar.

Dit het my laat dink aan 1 Kor. 12 waar Paulus sê dat ons almal verskillende ampte het, maar geen een se werk is belangriker as ‘n ander nie en dat elkeen nodig is in die gemeente en dat elkeen se werkie ‘n verskil maak aan die uitkoms. Ek dink as ons elkeen met dieselfde toewyding en volharding in die gemeente en gemeenskap saamwerk, kan die eindproduk iets uitsonderliks wees! Mag God ons gesindheid waarneem, mag ons offer vir Hom aanneemlik wees!

Ek hoop dat ek so bevoorreg sal wees om nog vele dankfeeste te mag help voorberei en te mag bywoon.

Esterina.”

Uit KAAPKERK (22.5.2025):

- “Daar was vandeesweek etlike geleenthede om die 1700 jaar bestaan van die **Belydenis van Nicea** te herdenk”
- In baie kinderkerk- en kategesegroepe word Hemelvaart en Pinkster dikwels verteenwoordig deur wolke en watte, papierduiwe en vlammetjies op koppe – oulike kreatiewe idees wat kinders geniet. Maar, as ons net daar bly staan, mis ons die hart van hierdie twee kragtige feeste. Die vraag is dus: “Wat is die kernboodskap van Hemelvaart en Pinkser en hoe kan ons dit op ‘n vars, betekenisvolle manier aan jongmense oordra?” Luister hier: https://dinkjeug.co.za/podcast-dink-vars-oor-hemelvaart-en-pinkster/

“GAAN SY POORTE BINNE MET DANKLIEDERE, SY TEMPEL MET LOFGESANGE, DANK HOM, PRYS SY NAAM,” ~ PSALM 100:4 (Afr 83)

PLAASLESSENAAR

Vandag waai die wind ‘n hond uit ‘n bos uit en ek het besluit om dit eerder te bekyk as te voel. Ek besef hoe bevoorreg ek is om die wind ook te hoor – nie stormagtig nie, tog redelik sterk. Boomtakke buigend, swiepend; hier en daar ‘n voëltjie wat vlerkklappend stroomop stoei – word vlerkspiere ook seer as hul so moes veg om te vlieg?

Die luggie is skraal en die winter kruip verseker daagliks nader. Die veld skyn oral paradysgroen met leegtetjies wat kol-kol water het en die fyn veldtapyt wys plek-plek lieflike blommetjies, van die soort waarvoor jy moet buk, anders kyk jy hulle mis. Hoe lekker is dit om geseënd te voel – so met ‘n hart wat stil tevrede is met die besef dat ek vandag kan leef en beleef. Tog gun ons onsself selde die nodigheid van rustig wees. “Besig” is die modewoord.

Ons is moeg. Oormoeg. Dagboeke en spertye en blitsige wêreldnuus is deel van almal se daaglikse ritme – en ja, ek weet ons ry nie meer met ossewaens nie - daar is werk wat gedoen en rekeninge wat betaal moet word, maar ons word stelselmatig armer. Ek meen nie nou finansieël armer nie – daai moeilike onderwerp gaan ek eerder nie aanroer nie - maar ons omgee en deernis, kortom ons menswees, is besig om te kwyn. Ons praat wyd, maar bolangs; ons beraam planne, skep forums en selfs nuwe kerke; ons koop en verkoop aanlyn soms wêreldwyd, maar dis of ons impak krimp, ons binneste is onvervuld. Ons baklei teen stelsels wat ons gebind het, maar besef nie dat ons pionne van ‘n nuwe genaamd gejaagdheid is nie. Prestasie en perfeksie is die maatstaf, maar die prys is leë oë, koue harte en verantwoordelikheid wat elders lê. Ons mis mekaar! Ons mis die omgee – die gesels, die gevoel van geborgenheid en om êrens te behoort. Hoe kwaad die leeglêers en dwelmslawe my ookal maak en glo my hul maak my woedend, breek my hart oor die leë soeke in hul kyk….

Verlede naweek was ons Dankfees en wat ‘n spesiale belewenis was dit nie. ‘n Hoogtepunt was beslis die besoek van Trans-Oranje Skool vir Dowes se koor (Hands of Harmony) – hul lied, hartroerend & prof. Theo van Wyk wat die orrel meesterlik laat leef en elke spasie van die kerkgebou en ons siele met daai volronde klank gevul het. Sjoe! Danél Hoon, Monique vd Merwe; Maria van Zyl; Lodewyk Esterhuizen,

JP Bruwer en Rudi van Wyk wat ook almal selfloos gegee het vir die program van Sondag – hul tyd en gawes: baie dankie. Dit was ‘n luister fees en Laerskool Merweville, jul koor was net so spesiaal.

Terwyl die skemer stilweg nader kom en die wind steeds nie sy lê gekry het nie, besef ek opnuut dat ek so véél het om voor dankbaar te wees. My hart huil stil – van vreugde en pyn, omdat ek so gereeld die mense en die mooi rondom my mis kyk. Mag ons ingesteldheid so effentjies skuif…

Beste wense tot ons mekaar weer raakleef.

Lekker lees!

Christel

JOH.16:33 (Afr 20) “Dit het Ek vir julle gesê, sodat julle in My vrede mag vind. In die wêreld ervaar julle swaarkry; maar hou moed, Ek het reeds die wêreld oorwin.

“Some people feel the rain, others just get wet.” ~ BOB MARLEY

“Liefde is die enigste mag wat ‘n vyand in ‘n vriend kan verander.” ~ MARTIN LUTHER KING

LIEF & LEED.

† Tannie Sannie Venter (oom Jan Venter se vrou) is op 13 Maart 2025 oorlede. Sy was vir ‘n geruime tyd in Huis Malan Jacobs (Laingsburg) versorg. Ons simpatie aan al die familie.

† Tannie Hannie du Plessis is op 1 April in die ouderdom van 96 jaar oorlede. Sy was vir baie jare ‘n aktiewe lid van ons gemeente en gemeenskap en het die afgelope jare in Huis Malan Jacobs (Laingsburg) gewoon. Haar begrafnis was op Dinsdag, 8 April op Kransrivier. Ons meegevoel aan al haar familie.

† Willem Muller is op 24 April 2025 oorlede. Ons diepe meegevoel aan Tersia, Thea & gesin, Willem & gesin en al die ander familie en vriende. Willem se begrafnisdiens was op Maandag, 5 Mei gewees.

Ons sal sy teenwoordigheid in die gemeenskap mis.

† Tannie Marieta Snyman, oud lidmaat en ma van Alta van Eeden, is op 15 Mei 2025, in die ouderdom van 76j oorlede. Ons innige simpatie aan Deon & Alta, hul kinders en al die familie en vriende. Sy was in Huis Kweekvallei, in Prince Albert woonagtig. Haar begrafnis was op 24 Mei, vanuit die NGK, Merweville.

Jes. 43:1 (Afr.2020) “Maar nou,” so sê die Here, jou Skepper, Jakob, die Een wat jou gevorm het, Israel, “moenie bang wees nie, want Ek het jou losgekoop, Ek het jou op jou naam geroep – aan My behoort jy.”

“Life is a book and there are a thousand pages I have not yet read.” ~ CASSANDRA CLARE

“May you live every day of your life.” ~ JONATHAN SWIFT

♥ Laré Marais (Johan & Liesl se dogter) & Ruben Saunders, van George, het op 6 April 2025 verloof geraak! Ons mooiste wense vir hierdie spesiale tyd.

"Being deeply loved by someone gives you strength, while loving someone deeply gives you courage." ~ LAO TZU

♫ Hiermee 'n groot DANKIE vir al die bydraes wat ons by die Allerlei- en Handwerktafel ontvang het. Dankie ook vir al die fluks helpers en kopers.
Alle eer aan die Here wat ons elke jaar so oorvloedig seën met Sy gawes.

Attie en Ebeth Bothma

♥ Saterdag, 3 Mei 2025 kon die Koup en sy mense hul vreugde nie beteul toe Chris & Anri Miller hul huweliksbeloftes saam met pa Joubert, ma Marian en die res van die SA familie en vriende kom hernu nie.

Die Miller gesin, vlnr: Pa Chris, Anlea & Ma Anri met Sumari op haar skoot.



Dr. Kraai van Niekerk, voormalige minister van Landbou, het ook die erediens tydens Dankfees bygewoon. Hier volg sy skrywe en gedig.

“VINGERS WAT WOORDE TAAL.

As mense met hul hande praat klink daar nie woorde. Dit is ‘n ander luister om ‘n woord wat jy sien te verstaan. Jy hoor die nie-gesproke-klanke van die vingers in jou kyk se verstaan-oor, wat dit tot nuut betekenis in jou verstand bly verwerk en so ander of selfs vreemde woord betekenis of beelde in jou denke skep. Begrip en onbegrip wat aanhou teenmekaar en deurmekaar vibreer en skuur. Dit word ‘n weet deur ontleed en dan ‘n verstaan waaroor dig gaan wat dwarsdeur jou wese gaan vir wat hier voor jou gebeur. Dit raak jou diep. Maak jou nederig as mense in stilte deur hul hande met jou praat en jy hul boodskap hoor en probeer om dit reg te verstaan.

Die groep jong gehoorgestremde jongmense uit die verre Noorde is as koor op toer deur ons land. Ambassadeurs vir hulle wat nie met hoor en praat kan kommunikeer nie. Met hul optrede by Merweville het hulle ‘n onvergeetlike vertoning in die kerk gereël. Die orrelmusiek wat hul begelei, wat die gehoor kon hoor, kon hulle self nie hoor nie. In gelid het die groupie van sowat 15 jong mense na voor geloop en in twee rye voor die koorleier gaan staan. Hul volle aandag op haar toegespits. Met ‘n enkel vinger lig van haar hand begin sy die towerspel. Dan tel sy haar arms op en met haar hande en vingerpunte stuur sy die koor om met enkel gebaar saam te praat. Help die kinders om in hul stille vingerpraat die ritme van die begeleidende orrelmusiek wat hul nie kan hoor nie, te volg. Stu hul glimlag oorgawe vir die lus van die lewe en bring hul weer terug na die erns van die aardse oorleef bestaan. Vul hul oë met die genoeg van met ons te kan kommunikeer... Wat soos ‘n lig uit hul oë straal.

Flinke vingerpunt bewegings

Taal die stille woorde

Pratende oë kleur die gebeure

Wyl die ritme van hand en lyf

Die verhaal aanhou vertel

Saam met die orrelklanke se psalms

Sing pratende hande lustig saam

Swaai hul arms klap die vingers

Wuif die palms in hul dank gesprek na bo

Sprakeloos met traan in die oog

Sit die gehoor die skouspel te bekyk

Deel in die vreugde om hoor te kan sien

Verwonderd oor die woorde fluister

Wat die handgebare aan hul bedien

Ja, wuifende vingerpunte

In stil beweeg gelid

Bied sonder geluid

‘n Oop oog bid

‘n diepe dankie in hul geluidlose praat na Bo

‘n Stilte wat aanhou anders klink

In jou oor se nie kan hoor vibreer

Om elke keer met nuut begrip

Woord gedagtes in jou brein

Weer om en om te keer

Die klanklose sien van jou kyk

Maak jou deel van hul stilte

Maar ook van die vreugde

Wat hul in hul lewe ondervind

As hul in hul kyktaal

Met pratendes kommunikeer

Dit raak jou diep

As jy die sekerheid

In die vinger tekens sien

Wat die egtheid van hul dank

Woordeloos na Bo en ons bedien

‘n Dankie sê vir hul lewe

Uit God’s hand ontvang

Ook vir die genade hul toe te laat

Om weer en weer

Met onderdanig eerbied trand

Met eie vinger na Hom te wys

Met Hom te kan kommunikeer

Soos ook nou met ons

Ons uit te nooi

In hul leef en praat

En vreugde te deel.”

FOTOSTORIES

Die jaarlikse Dankfees is ‘n miernes van bedrywighede en die foto’s kan nie naastenby almal wys of ‘n realistiese geheelbeeld van die werksaamhede gee nie. Tog hoop ek dat u so ietsie van die spesiaal kan beleef deur die saamkyk en miskien kom deel u in 2026 weer in hierdie groot gebeurtenis op ons gemeentekalender.

Dit het plaasgevind oor die langnaweek van 2 – 4 Mei 2025. Ons hele gemeente het groot waardering vir ‘n ieder & elk se bydrae en teenwoordigheid en hoop dat jul ervaring vol kosbare herinneringe en interessante staaltjies is.

Tot volgende jaar….

Mooi loop!

CROWN
NATIONAL
CAVALIER
CAVALIER



Volgens Statistiek SA se Sensus opname het Merweville ‘n totale inwonertal van 1592 persone. Die NGK het tans 119 lidmate op die boek. Die gemiddelde ouderdom is 53j. Daar is 8 kerkraadslede, waarvan 1 (en die dominee 😊) permanent in die dorp woon - die ander op plase. Hierdie syfers beklemtoon ons afhanklikheid van en waardering vir mense *buite* ons gemeente en gemeenskap. “Baie Dankie.”

KERNYE





Die tafels vir die Sondagmiddagete was weereens pragtig en stylvol gedek, baie dankie Mary-Ann. ♥ Etes is voorberei vir 300 mense, waarvan 50 wegneem-etes en 250 aansit-etes was. Die ete het o.m. skaapboud, varkboud (gammon) met ‘n mosterdsous, rys-, wortel- en kommerslaai, vrugtesap en ‘n kleurvolle bakkie basaarpoeding ingesluit.

Dit is, soos die res van die naweek se etes en aktiwiteite, met sorg en liefde voorberei.

Voorwoord:

"Julle is die lig vir die wêreld. 'n Stad wat bo-op 'n berg lê, kan nie weggesteek word nie. Ook steek 'n mens nie 'n lamp op en sit dit onder 'n emmer nie, maar op 'n lampstaander, en dit gee lig vir almal in die huis. Laat julle lig so voor die mense skyn, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemel is, kan verheerlik."
— Matteus 5:14–16

Merweville se Dankfees van 2025 was meer as ’n byeenkoms – dit was ’n **roepstem van geloof** in ’n dorre tyd. Dit het getuig van wat moontlik is wanneer mense hulle as **instrumente in God se hand** laat gebruik. In elke noot wat gespeel is, in elke gebaar, elke lied en elke ontmoeting, het gehoorsaamheid aan Sy stem weerklink. Want wanneer ons luister en doen, gee God self die melodie. Dán word lig sigbaar. Dán begin sing stilte sing.

Karoo Eenvoud

Die Karoo is nie grênd nie
Dit probeer jou nie beïndruk nie
Dit probeer jou nie tevrede stel nie

Hier leer jy om te vat wat jy kry
en om te geniet wat jy het
Die niks om jou raak jou bederf…

Die Karoo se vlaktes laat jou wyd dink …tot waar jy stil raak
Die droeë natuur laat jou besef hoe min jy nodig het
Die son se vars opkoms laat jou die nuwe dag as geleentheid sien
Die dag se rooi son op die horison maak jou dankbaar vir nog 'n dag wat aan jou gegee is
Die wydte van die vlaktes laat jou onthou hoe klein en nietig jy is
Die stilte laat jou praat met jou eie self… tot jy vrede maak met jouself

Hier werk ons met wat ons het
Ons kom reg met wat ons nié het nie
Ons maak 'n plan met dit wat 'n krisis is
Ons weet met hoe min jy kán regkom –
en steeds genòég te hê

Geduld… nee, uithou, aanhou, deursettingsvermoë
Dis meestal nie nòu nie, maar dalk môre as jy báie gelukkig is
of volgende week …

Ons kinders ken van hulself vermaak en met almal speel –
ongeag hulle ouderdom of voorkeure
Almal is almal se maats
Want hier is ons saam –
in die eenvoud en grondpaaie

Die Karoo se bekoring lê in die eenvoud...

Wanneer die wind stilletjies deur die bome waai
die dag rooi groet op die horison
die wye vlaktes jou gedagtes sorteer
die miljoene sterre helder skyn in die lug...

en jy besef:
ek is net 'n spikkel ...
en ek hét GENOEG.

©Danél Hoon

"Waar stilte sing":

Die Kerk, Transoranje koor vir Dowes, Prof. Theo van Wyk en die gemeenskap van Merweville en die breër Karoo omgewing bou saam aan 'n nuwe lied van hoop tydens Merweville se Dankfees.

♫

Deur die oë van onbaatsugtige geloof word nuwe klanke gebore – selfs in stilte.

’n Nuwe Afrikaanse lied, *Waar stilte sing*, gekomponeer deur prof. Theo van Wyk met lirieke deur die Randfonteinse orrelis Rudi van Wyk, het die lig gesien. Ná afloop van die viering van 500 jaar se kerklied by die Hervormde Kerk Sionspoort in Randfontein, waarby die Transoranje Koor vir Dowes in 2024 betrokke was.

Die oorspronklike projek het ontstaan as ’n viering van die ryk geskiedenis van kerkliedere – van Luther se hervormingsgesange tot kontemporêre uitdrukkings van geloof. Die leerders van die Transoranje Koor, *Hands of Harmony*, kon die windvibrasies van die Sionspoort-gemeente se orrel aanvoel. Hierdie unieke ervaring het die inspirasie gebring vir die skepping van ’n lied wat ook diegene sonder gehoor kan bereik – nie deur klank alleen nie, maar deur vibrasie, emosie en gebare.

Die lied “Waar stilte sing” is op 4 Mei 2025 amptelik vrygestel in die Wes-Kaapse dorpie Merweville tydens die jaarlikse **Dankfees**, en wat dit besonders maak, is dat dit op die historiese orrel van die NG Kerk Merweville uitgevoer is. Prof. Theo van Wyk het self tydens die 2025-Dankfees op dié orrel gespeel – en so het die lied op simboliese en klankvolle wyse sy eerste lewensasem ontvang.

Die lied is gekomponeer in vier orrelbewegings, met ’n bekoorlike refrein wat telkens herhaal word en in ’n sterk koraalstyl uitgewerk is. Die komposisie is so saamgestel dat die orrelklank meesterlik stilte en klank verweef tot ’n soet melodie – ’n melodie wat in die refrein neerslag vind en maklik deur instrumente, kore en soliste uitgevoer kan word. Deeglike navorsing het die skepping van hierdie stuk begelei, sodat die toon en

vibrasie van die musiek ook deur dowe persone ervaar kan word – nie net as klank nie, maar as gevoel.

Die oorsprong van hierdie lied lê egter nóg dieper – op die plaas Muggefontein van Kobus en Helena Marais, een somersdag in Desember 2024. Tydens 'n gesellige kuier in die veld het 'n gesprek ontstaan oor die groot werk wat Merweville se orrel dringend benodig. Die besef het gekom: iets moes gedoen word. Vanuit daardie oomblik van gedeelde kommer en geloof het die visie vir *Waar stilte sing* en die toer begin vorm aanneem – 'n nuwe lied, gebore uit stilte, met hoop as hartklop.

'n Meesterstuk en historiese juweel erfenis in die Karoo

In 1914 bou E.H. Lawton, 'n Skotse orrelbouer van Aberdeen, die pyporrel wat bestem is vir Merweville. 'n Soortgelyke orrel is reeds in 1910 in Vosburg geïnstalleer, maar vir Merweville het Lawton 'n aantal wysigings aangebring. Die resultaat: 'n unieke uitlaatpneumatiese speelaksie – 'n tegnologiese vooruitgang vir sy tyd.

Hoewel die orrel as ietwat temperamenteel beskryf word en sensitief is vir hitte en koue, het Lawton wel die harde Karoo-klimaat in ag geneem. Tot vandag toe lewer hierdie instrument puik diens in die uitdrukking van die unieke karakter van die kerkgebou. Die orrel is gestem deur G.W. Price en Seun, en op 28 April 1916 amptelik ingewy.

♪

4. Kom, dank nou almal God (Geo. 1)

Die Dankfees bly die storie van volharding oor dekades heen.

Die verhaal van Merweville se kerk is een van geloof, opoffering en gemeenskap. Op 24 Januarie 1914 is die hoeksteen met groot eerbied gelê deur ds. P. van der Merwe – ’n belangrike mylpaal vir die jong gemeente. In ’n tyd van oorlog en droogte is hierdie meesterlike gebou tog voltooi – ’n ware baken van hoop in die Karoo.

Op Vrydag 28 April 1916 is die kerk ingewy – en twee jaar later, in 1918, het die Spaanse griep-pandemie die wêreld getref. Selfs die afgesonderde Karoodorpie Merweville is nie gespaar nie. Die geliefde leraar, ds. S.W. Pienaar, is op 4 November 1918 aan die griep oorlede. In hulde aan hom het ds. J.G. Steytler geskryf: ***“In het tuig, waarin hy so trouw en hard had getrokken, is hy gestorven.”*** ’n Man wat getrou aan sy roeping tot die einde volhard het.

In *Die Kerkbode* van 30 Mei 1918 het ds. Pienaar berig oor die gemeente se eerste dankfees: ***“Onze gemeente hield Saterdag 18 Mei haar jaarlyckschen dankoffer bazaar. Op versoek van den kerkraad heft de leraar dit jaar zelf gekollekteerd voor het dankfeest, en ter afbetaling van een deel van de kerk Schuld.”***

’n Dankfees in ’n tyd van beproewing – en tog ook van groei en geloof vir 111 jaar later.

“Hands of Harmony” ’n Koor wat stilte laat sing

Die Transoranje Koor vir Dowes het in 2025 meer as 3 000 kilometer oor vyf provinsies afgelê op hul Karoo-toer. Op elke dorp het hulle ’n unieke bydrae gelewer – en nêrens was dit meer simbolies as in Merweville nie. Hier, waar stilte en klank mekaar ontmoet, is *Waar stilte sing* vir die eerste keer op die historiese orrel gehoor.

Die koor, bestaande uit leerders wat nie kan hoor nie, gebruik hul hande, gesigsuitdrukkings en liggame om musiek te "sing". Waar ander hul stem gebruik, laat hierdie koor stilte sing. Op elke dorp en by elke kerk waar hulle opgetree het, het hulle mense diep geraak. Musiek is nie net iets wat gehoor word nie – dit kan ook gesien, gevoel en ervaar word. Hier word hulle droom waar om vir die wêreld te wys hoe hulle musiek ervaar.

Hul vertolkings van liedere soos *“A Million Dreams”* en *“Gebed” van Koos du Plessis* – spesiaal beskikbaar gestel vir die toer deur Jannie du Toit – het hartsnare geroer. Hierdie toer het ’n lang gekoesterde droom laat waar word: om gebaretaal in musiek in te sluit, en om dit met die wêreld te deel. Dié ontmoeting met verskillende gemeenskappe het nie net nuwe vriendskappe gebring nie, maar ook die deur oopgemaak vir toekomstige samewerking. Dit het ook bewys dat geloof en musiek groter is as woorde of klank – dit leef in elke hartklop, in elke handgebaar, en in elke gemeenskap wat kies om saam te bou.

Foto: Die Transoranje koor vir Dowes ontvang ook ‘n ATKV- sertifikaat geborg deur die Comenzo-tak in Randfontein asook ‘n Merweville Dankfees-sertifikaat vir hulle optrede. Daar was vir hulle ook ‘n lekker bederfpakkie gewees na die tyd, voordat hulle saam aan die heerlike Dankfees-ete in die saal gesmul het saam met die ander Dankfeesgangers.

Die woord “dankie” voel eenvoudig te klein om die opregte waardering uit te spreek aan elke persoon wat hierdie onvergeetlike Karoo-reis en toer vir die Transoranje Koor vir Dowes moontlik gemaak het. Elke oomblik van bederf, elke gebaar van omgee, en elke ervaring wat gedeel is, leef voort in die harte van elke koorlid, onderwyser en dirigent – soos ’n stille lied van dankbaarheid wat nooit ophou weerklink nie.

Soos Dietrich Bonhoeffer eens gesê het: ***“In dankbaarheid lê die volheid van die lewe.”*** Ons dra hierdie volheid met ons saam – met hande wat praat, harte wat voel, en herinneringe wat sal bly leef.

Merweville se 2025-Dankfees: ’n fees van klank én gemeenskap samekoms.

Die 2025-Dankfees was nie net ’n musikale hoogtepunt nie – dit was ’n viering van gemeenskap, insluiting van gehoorgestremdes en samehorigheid van mense. ‘n Verskeidenheid items het die Karoo Orrelfees ’n besondere karakter gegee:

Laerskool Merweville het die gehoor ontroer met 'n uitvoering van *Ek het hande, ek het voete*, geskryf deur Elizabeth Fourie – 'n gepaste keuse wat die boodskap van deelname en dankbaarheid vir elke ledemaat wat die mens beskik om te werk, aan ander onderstreep. Hulle het die mense verras met 'n pragtige slagwerk-item op die wysie van "*Jesus min my salig lot*." Hierdie leerders het ook elkeen 'n ATKV- en Merweville Dankfees-sertifikaat ontvang vir deelname aan die program en gemeenskapsbetrokkenheid. Daar was ook 'n heerlike verrassingspakkie vir elke leerder na die afloop van die Karoo Orrelfees.

JP Bruwer, 'n plaaslike inwoner van Merweville, het met sy gunsteling instrument, die **saksofoon**, waarde tot die program gevoeg – en sodoende getoon hoe musiek 'n universele taal

van uitdrukking kan wees

Uit die buurdorp **Fraserburg** het **Monique van der Merwe** haar indrukwekkende vioolspel gedeel en twee orrelwerke saam met prof. van Wyk uitgevoer – ’n musikale samewerking wat klank en styl na nuwe hoogtes geneem het en die ruimte van die kerk met soet melodie gevul het.

Ander plaaslike talent het met solo-dele deur Maria van Zyl en Lodewyk Esterhuizen ook bygedra tot die samesang van die bekende lied “Hoe groot is U”. Die Transoranje Koor vir

Dowes het ook die vier verse saamgesing het met hulle hande en dit in gebaretaal in Afrikaans uitgebeeld.

Danel Hoon, ’n onderwyseres en vryskutskrywer en moeder van Fraserburg, het haar skryfstuk “*Karoo Eenvoud*” met die gehoor gedeel – ’n ode aan die landskap, die mense en die stil rykdom van die Karoo. Groot was haar verbasing dat sy ook ‘n Klop-op-die-skouer-toekenning vir haar skryfwerk oor

die Karoo ontvang het, vir die stuk wat sy tydens die program voorgedra het.

Prof. **Theo van Wyk** het die 111-jarige orrel laat beef met meesterlike uitvoerings en jubelklanke van onder meer *Nun danket alle Gott – Marche Triomphale* deur Sigfrid Karg-Elert en *Prelude in Classic Style* deur Gordon Young, en vele meer. Prof. Theo van Wyk het hiervoor ‘n ATKV-Klop-op-die-skouer-toekenning in Merweville ontvang.

Die vroue van Merweville het op hartroerende wyse hul hande en harte gegee. Met ’n warmte wat net die Karoo ken, het hulle vir elke deelnemer aan die program ’n unieke kontreipakkie saamgestel – gevul met sorg, geur, kleur en liefde. Hierdie pakkies was nie net dankie-geskenke nie, maar draers van ’n boodskap: “Jy is welkom. Jy is geliefd. Jy is waardeer.” In elke lappie, botteltjie of bederfie het ’n stukkie Merweville se siel saamgereis – ’n stille omarming van dankbaarheid en Karoo-gasvryheid

’n Baanbrekersgeleentheid wag in ***September*** in **Randfontein by die Nederduitsch Hervormde Kerk Sionspoort**, in samewerking **ATKV Comenzo Tak.** Die *“Klop-op-die-skouer*-toekennings” sal op ‘n luisterryke geleentheid oorhandig word, met die amptelike **vrystelling van die lied: *Waar stilte sing*** – wat geboorte gegee het met sy debuut lewensnote op Merweville se orrel. Hierdie formele funksie sal ’n huldeblyk wees aan almal wat met geloof, deursettingsvermoë en kreatiwiteit aan die projek meegewerk het. Dis meer as net ’n viering van musiek – dis ’n viering van hoop, gemeenskap en inklusiwiteit.

Wanneer Merweville se orrel ten volle glorie herstel is, is daar fluisteringe oor die Karoo vlaktes dat, daar ook ‘n groot uitsiens moet wees na ‘n behoorlike nuwe inwydingsfees wat die lig sal sien.

Waar stilte sing

Woorde: Rudi van Wyk 2025

Onder sterre wat oor stofland hang,
waar die wind deur droë bossies gaan,
daar sing die stilte, wyd en vry —
’n ou Karoo-lied, diep in my, maar ook vir jou!

Die lewe is hard, en soms bitter moeilik.
Maar ‘n lied bly draal in elke skemer verhaal.
Dit bring weer vaste hoop!
Dit bring genesing, vir elke siel wat verdwaal.

Refrein: *Waar stilte sing, in die Karoo se nag,*
waar die maan oor klippe stadig kan lag,
tussen vlaktes en bome, onder sterre koepels wat skyn,
Bring selfs die wind, sy eie verhaal.
Waar die stilte begin.

’n Lied bestaan nie net in klank,
maar in die stilte tussen dank

In elke noot leef eers ’n rus,
in stilte hoor jy meer as blus.
Wanneer stilte begin.

Almal hoor anders!
Elke klank kan verskil.
Maar elke noot, word ‘n suiwer akkoord.
Universeel, bring musiek sy deel.
Vêr bo die uitspansel van die sterre
Deur die genade van bo!.

HERHAAL REFREIN

Musiek bind mense saam. Dit bring weer mense bymekaar.
Dit laat die siel weer herleef na wye ruimtes wat verwaarts kring.
Waar dit vry kan rond dans, en dan genesing bring,
Dit gee die Antwoord, van ‘n lewensgeheim.
maar kan slegs in eenvoud gevind word,
voordat die stiltes kan begin.

Refrein:

Waar stilte sing, in die Karoo se nag,
waar die maan oor klippe stadig kan lag,
tussen stofpad en bome, onder sterre koepels wat skyn,
Alles hier bly tydelik, in die mens se korte bestaan.



GEOPENDE DEURE / OPEN DOORS

"The most important trends of the 2025 WWL are:

- A total of 4 476 Christians were killed worldwide for their faith.
- Five of the top 10 countries on the 2025 WWL are in Africa.
- There were 28 368 attacks on Christian homes, shops or businesses for faith-related reasons.
- A total of 16 million Christians in sub-Saharan Africa were forcibly displaced due to violence.
- More than 380 million Christians worldwide face high levels of persecution and discrimination.

Please PRAY for: (from OPEN DOOR's May PRAYER CALENDER)

- Pray for Christians in Central Asia who pursue Jesus, growing in their understanding of their calling and mission amidst the Muslim-majority population.
- Pray for the Lord to bring calmness and to silence extremists. Pray for government security to be efficient and that God will end the constant bloodshed.
- **Join us for Persecution Sunday.** Persecution Sunday (PS) is a prayer movement for persecuted Christians. Join us on **15 June** as we join with our brothers and sisters in Africa to pray for the persecuted Church in Africa."

KONTAKBESONDERHEDE: NGK, Merweville

Leraar: Ds. Danie Pretorius (072 580 1866)

Skriba: Tinka Botes (072 087 1008)

Koster & Orrelis: Zena van Schalkwyk (083 317 2412)

E-pos: ngkerkmerweville@gmail.com